# Kuns



kuns@beeld.com ☎ 011 713 9284

# Potch-duo Sondag in Parktown

## Koornhof en Vorster sluit Apollo-reeks af met fassinerende program

**Thys Odendaal**

Die Potchefstroomse viool-en-klavier-duo, Piet Koornhof en Bernarda Vorster, sluit Sondag vroegaand Apollo Music se reeks kamerkonserte af in die herehuis Northwards in Johannesburg.

Koornhof is een van die ondernemendste musici in die land en vir dié konsert in die pragtige herehuis in Parktown het hy weer 'n fassinerende program saamgestel om vanjaar se Sundowner-reeks mee af te sluit.

Dié twee dosente aan die musiekskool van die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom begin hul program met *Ses sonnette* van die Spaans-Katalaanse dirigent en komponis Eduardo Toldra Soler, so twee dekades gelede oorlede.

Daarna volg die Oekraïniese komponis Miroslav Skoryk se *Melody* (uit die rolprent *The High Pass*) en *Spaanse dans*; die Russiese komponis Nikolai Medtner, oorlede kort ná die Tweede Wêreldoorlog, se *Drie nokturnes*, op. 16; en dan volg die *Wals* uit die ballet *Die sewe skoonhede* van die Russiese komponis Kara Ogli Karajef. Dié ballet is vir die eerste keer in 1952 opgevoer. Karajef is 30 jaar later dood, erken vir sy



**Die duo Bernarda Vorster en Piet Koornhof sluit Sondag die Northwards-konsertreeks af met 'n fassinerende program.**

musiek vir ballet, kamerensembles, kunsliedere en 'n *Vioolkonsert*.

Koornhof was kleintyd al bekend toe hy in 1975 as solis saam met die SA Jeugorkes in die buiteland opgetree het, as stigterlid van die SA Kamermusiekvereniging en die Potch-trio.

Hy het aanvanklik onder Susan Sauerman en Alan Solomon in Suid-Afrika gestudeer en toe onder die befaamde Dorothy DeLay aan die Juilliard-musiekskool in New York.

Vorster is nou senior lektor aan die Potch-musiekskool waar sy in 2006 haar doktorsgraad verwerf het. Sy het gestudeer aan die Hochschule für Musik in Wene. Sy was 'n amptelike begeleier vir die Unisa internasionale musiekkompetisies – vir strykers in 2002 en 2010, en vir sangers in 2006. Sy het opgetree op kamermusiekfeeste in Italië en Switserland, en konferensies in Serwië en die internasionale Franse musiekkonferensie in Hawaii.

Northwards word bereik deur die ingang in Rock Ridgeweg 21 in Parktown. Die konsert, onder die opskrif *Sonsonder in Northwards*, begin om 18:00. Kaartjies kos R170 en sluit in 'n aandete en wyn met pouse.

Besprekings en navrae: Caroline by ☎ 011 447 9264.